

## 1 April      Openbaring 20:11-15 en Efesiërs 5:16

### ***Vervul jou roeping, want jou tyd gaan verby***

Vandag, soos elke dag, kom net eenkeer in jou lewe. Geleenthede kom net eenkeer, al lyk 'n geleentheid soms na 'n vorige geleentheid. Elke geleentheid en elke uur wat verby is, is onherroeplik verby. Daarom is dit belangrik dat jy die beste maak van elke geleentheid, dat jy die tyd uitkoop.

Gewoonlik dink 'n mens aan diefstal as om geld en goed te vat. Jy kan egter ook 'n tyd-dief wees. Ook tyd behoort aan die God. Daarom is jou tyd Godgegewe tyd. En dan is dit belangrik: Wat maak jy met God se tyd?

Die dag kom gewis dat jou allerlaaste sekonde sal aanbreek op een van die bekende dae van die week. Wees altyd daarop ingestel dat die brief wat jy skrywe, die afspraak wat jy het, jou telefoongesprek, ensovoorts die laaste kan wees. In die eindoordeel sal God ook rekenskap vra van wat jy met jou "tyd", Godgegewe tyd gemaak het. Het jy die beste gebruik gemaak van die geleenthede wat op jou pad gekom het? Het jy die tyd uitgekoop?

Elke mens se biografie sal in die eindoordeel oopgemaak word, staan daar geskryf in Openbaring 20. Wat 'n gedagte om van koud te word! Wie sal dit kan oorleef? Dink daaraan dat die groot roepersdag kom... wanneer God die Here van jou rekenskap sal vra.

Dank God dat in die eindoordeel, op die groot roepersdag, wanneer die boeke van rekenskap van wat jy met jou roeping gemaak het, oopgemaak word, dat dan ook die boek van die Lewe oopgemaak sal word. Dit is die biografie van Jesus Christus. Dit is die Boek van God se genade! Staan sy Naam op elke bladsy van jou biografie geskrywe? Dit is jou belangrikste en edelste roeping om te vervul voordat jou tyd verby is.

Sing: Psalm 90:3, 9

Dr. RW. Bingle (Kaapstad)